Tel: 021 554 1290
Faks: 086 591 5147
ngkblouberg@mweb.co.za
www.ngkbloubergstrand.co.za

NG Kerk Bloubergstrand
ABSA Tjek rek nr: 327 014 0539
Takkode: 334409
Snapscan Kode

13 Aug 2017

Eredienste:

08h30: Ds Marietjie Steyn (1 Sam 13) – Doop
10h00: Ds Marietjie Steyn (1 Sam 13) – Nagmaal *Kom drink koffie saam met ons na die diens in die kerksaal.*
17h30: Ds Elmarie Dercksen
19h00: Ds Elmarie Dercksen (Luk 13:22) *Kom drink koffie saam met ons na die diens in die kerksaal.*

DEURKOLLEKTE: 27 Aug 2017 – Nasionale Instituut vir Dowes

Nuwe Intrekkers: Kom sê "hallo" vir ons in die konsistorie na die diens en kry 'n verwelkomingspakkie.
Gebedsversoeke: 082 451 3312 – SMS of W*hatsapp*
Ds Thinus: thinus@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Marietjie: marietjie@ngkbloubergstrand.co.za
Selgroepe: Pieter Myburgh – pietermyb@gmail.com
Ds Elmarie: elmarie@ngkbloubergstrand.co.za

DOOP

Sean en Vanessa Young doop hul baba, Ethan Benjamin (gebore 6 Mrt 2017).
Baie geluk!

FASHION OUTREACH

Fashion Outreach hou hul heel eerste Modeparade en klere-veiling op 19 Augustus 2017 vanaf 10:00 tot 13:00 by ons kerk! By hierdie geleentheid word tweedehandse sowel as nuwe kledingstukke van verskeie gesogte handelsmerke op die loopplank vertoon. Die hoogste bieërs vat die klere huis toe! Toegang is R20 en betaalbaar by die deur. Koffie, tee en verversings sal beskikbaar wees! Alle fondse word geskenk aan Anex, 'n nie-winsgewende organisasie wat 'n Jeugsorgsentrum in Murraysburg wil op rig om kwesbare kinders in die Eden Karoo te akkommodeer. Besoek gerus hul webwerf by https://www.anexcdw.org.za/. Navrae: Estie de Wet 078 800 7744.

MANNA & MERCY KURSUS

Hier is 'n wonderlike geleentheid om 'n unieke perspektief op Bybelinterpretasie te kry. Rev. Alan Storey van die Central Methodist Mission in die stad bied hierdie naweek-kursus aan wat jou sal help om nuwe vrae te vra en nuut te kyk na die Bybel en hoe dit tot stand gekom het. Dit bied ook 'n vars invalshoek op die Bybel se siening van geregtigheid.
Datum: 25 - 27 Augustus 2017 **Plek:** NG Kerk Table View. (41 Greystraat, Tableview). **Tye:** Vrydag 18:00 – 21:30; Saterdag 09:00 – 17:00; Sondag 14:00 – 17:00. **Kostes:** Kursus is gratis. Boek kos R80
Inskrywings: Kan steeds by die kerkkantoor gedoen word.

GESIGGIES

Ons wil graag vir die kinders van die Laerskool Tygerhof (Milnerton) wat deel is van die gesiggieprojek (ongeveer 70 kinders). 'n verskeidenheid smere vir hul toebroodjies elke dag van die week voorsien. Ons benodig asseblief kaassmeer, sjokeladesmeer, grondboontjiebotter, konfyt, geblikte vis, tamatiesous, mayonaise, eiers. Bring dit na die kerkkantoor asseblief. Navrae: Frieda Lamers 082 979 4048

PREEKBEURTE

T – Thinus Britz E – Elmarie Dercksen M – Marietjie Steyn

	08h30	10h00	17h30	19h00	Opmerkings
20/08/2017	T	T	M	M	Nagmaal 08:30
27/08/2017	M	M	T	T	Deurkollekte: Nasionale Instituut vir Dowes; Nagmaal 17:30 & 19:00
03/09/2017	HS	E	T	T	Ds Hans Steyn
10/09/2017	M	M	E	E	
17/09/2017	T	T	M	M	Deurkollekte: Kaleidoscope SA (Instituut vir Blindes)
24/09/2017	T	T	E	E	Finalejaarskamp; Erfenisdag

VROUEDAG VAN WONDERWERKE

Ons visie om 'n verskil in kwesbare vrouens se wêreld te wees, neem ons op baie opwindende paaie. Vrouedag wat op Woensdag 9 Augustus plaasgevind het, was weereens 'n reis op een van hierdie paaie. Straatwerk se "Dangerous Women Event" het by die NG Kerk Oosterzee in Parow plaasgevind. Ons kon 64 vrouens met splinternuwe handsakke seën, en sodoende aan hul bevestig dat die Here hul waardigheid herstel en 'n nuwe lewe tot stand laat kom. Die handsakke was simbolies hiervan. Hul reaksie laat mens nederig en bevoorreg voel om die oomblik met hulle te kon deel. Een van die vrouens het verlede week vir die Here vir 'n handsak gevra, aangesien sy dit nie kon bekostig nie. Sy getuig van antwoord op gebed en ekstra seëninge binne die handsak wat sy ontvang het.

BMD
BLOUBERGSTRAND
MAATSKAPLIKE DIENSTE

"Strong women: may we know them, may we be them, may we raise them"

JUNIOR JEUG PROGRAM

13 Aug	Lessie 18	20 Aug Lessie 19	27 Aug Lessie 20
01 Sept	Vrydag Klub: NG Tableview (almal)	03 Sept Lessie 21	10 Sept Lessie 22
17 Sept	Foundation backbone uitreik	24 Sept Langnaweek	29 Sept Skole sluit
2-4 Okt	#ImagineKiz		

WESTRIDING LAERSKOOL NASORG

Hulle ervaar steeds 'n groot uitdaging rondom ±30 grondslagfase kinders wat vroeg uitkom en dan by die skool wag totdat hulle ouer boeties en sussies uitkom. Dit is 'n tydperk van 'n uur waartydens hulle aan allerhande gevare blootgestel word. Die skool het nie self die kapasiteit vir 'n nasorg nie. Ons reeds 'n paar vrywilligers wat help, maar benodig nog mense om te help toesig hou. Dit sal behels om speletjies te speel en stories te lees. As jy belangstel om op **Maandae of Donderdae** tussen **13:15 en 14:30** by so iets betrokke te raak of meer inligting wil hê, kan jy vir **Niel Steyn kontak (084 688 1080).** Jy hoef jou net tot een middag 'n week te verbind. Hoe meer vrywilligers ons egter het, hoe meer middae kan ons betrokke wees.

JUNIOR JEUG GROEPLEIERS

Ons is opsoek na 'n groepleier vir Gr.3. Indien jy bereid is of wonder wat dit behels, kontak asb vir Carina 082 926 6428 of Marietjie 083 461 1220.

NG TABLEVIEW

Stephan vd Watt van Misssie Japan kuier by Tableview Gemeente op Dins 15 Aug om 19:00. Navrae: 021 557 2391.